# KOMMUNIKAMMA 23 AUGUSTUS

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.


Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**

Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za


**<u>WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE</u>**

Om op hoogte te bly van gemeentenuus, nooi ons jou uit om by die WhatsApp groep van die gemeente aan te sluit. Slegs die Administrasie van die groep sal boodskappe kan laai. Neem asb. kennis dat, indien jy by die groep aansluit, ander persone op die groep, soos by enige ander WhatsApp groep, jou kontakbesonderhede sal kan sien. Indien jy by die groep aansluit, gee jy toestemming daartoe.
Kontak asb. vir Niekie indien julle enige navraag het.
Volg die skakel om aan te sluit by die WhatsApp groep
of skandeer die QR kode met jou foon
https://chat.whatsapp.com/F4wky8GcVp6I9T2ilwCvAu?mode=gi_t

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**

**<u>Sondag 23 Augustus</u>**

**WEEK 2 VAN DIE VIERWEKE REEKS**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**Skriflesing:** Matt 5:5-6
**Tema:** Week 2

**WEEK 2 VAN DIE VIERWEKE REEKS**

Die tema van ons vierweke reeks is: **Uit ons sokkies uit geseën!** (As jy wil, mag jy die volgende 4 weke sonder sokkies erediens toe kom!)
Ons luister na en leer uit Jesus se saligsprekinge soos ons dit kry in Matteus 5:3-12.
Ons nooi jou ook vriendelik uit om in die 4 weke by ‘n kleingroep van jou keuse in te skakel.
Ons is geseën om te seën. Ons gaan daarop fokus om MTR Smit kinderhuis te seën. Indien jy uit dankbaarheid wil dien, bring asb. in die volgende 4 weke vir hulle benodighede soos voedsel (maalvleis, olie, suiker, eiers, pap, kaas, gemengde groente, speserye, melk) of skoonmaakmiddels (jik, pine jel, opwasmiddels, sanitizer) of meubels en beddegoed (banke, los matte, gordyne, duvets, kussings), of handdoeke of kombuistoebehore (ketels, borde, koppies, eetgerei) of enige goeie tweedehandse goedere saam erediens toe of laai dit by die kerkkantoor af asb. As dit groot goed is, kan ook gereël word dat die kinderhuis dit kom haal.

**18:00 LEEF@KERK** (‘n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir MTR Smit Kinderoord.**

**<u>Maandag 24 Augustus</u>**

**12:45 GEBEDSKILD**

Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**<u>Vrydag 28 Augustus</u>**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) vir meer besonderhede.

**<u>Sondag 30 Augustus</u>**
**BYBELSONDAG**
**BIDDAG VIR DOWES**
**WEEK 3 VAN DIE VIERWEKE REEKS**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**18:00 LEEF@KERK**

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
- Die 4 weke reeks.
- Seën op Gesinsuitreik en Gemeente ete.
- Christo van der Merwe en Christelle Bekker wat die afgelope week geopereer is.
- Matrieks wat besig is met rekord eksamen.
- MTR Smit en die werk wat hul, ten spyte van groot uitdagings, getrou bly doen.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik in die Midde-Ooste. Bid vir langtermyn vrede.

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Bid vir dissipelskap-leiers in Iran se ondergrondse netwerke, dat die Gees van wysheid swaar op hulle sal rus terwyl hulle nuwe gelowiges voorberei om die koste voor die doop te bereken. Bid Hebreërs 10:34 oor hulle: dat hulle met vreugde die konfiskering van hul eiendom sal aanvaar omdat hulle weet dat hulle 'n beter en blywende besitting het. Bid vir dapper, vreugdevolle volharding.

**<u>FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK</u>**
Vanjaar is uitsendings by sommige van FEBC se radiostasies in Oekraïne en Soedan opgeskort weens gewapende konflik. In Kirgisië moes twee stasies tydelik sluit as gevolg van ernstige weerskade. Die stasies in Soedan en Kirgisië bedien gemeenskappe wat andersins min of geen toegang tot die evangelie het, terwyl FEBC Oekraïne hoop uitsaai aan luisteraars wat tot breekpunt gedryf word deur die oorlog. Bid dat FEBC se stasies in Oekraïne, Soedan en Kirgisië binnekort weer sal kan begin uitsaai.

**<u>SELGROEP INLIGTING</u>**

| **Dag** | **Tyd** | **Naam** | **Selleier/Kontakpersoon** | **Tel nommer** |
|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | 18:00 | Kosmos | Phia Bosch | 074 899 7276 |
| | 19:15 | Rose | André Barnard | 082 921 8762 |
| **Dinsdag** | 19:00 | Voetspore | Rian Viljoen | 082 559 7648 |
| **Woensdag** | 18:30 | Gazanias (Jong getroudes) | Helene Lombard | 072 206 2856 |
| | 18:30 | Vygies | Sonja Tait | 084 904 9047 |
| | 19:00 | Papawers | Gert Harmse | 082 906 6924 |
| | 19:00 | Madeliefies | PC van Rooyen | 084 960 6289 |
| | 19:00 | Tulpe | Marlene Postma | 082 787 4030 |
| **Donderdag** | 09:30 | Welwitschias | Lucian Pienaar | 082 773 3315 |
| | 19:00 | Azaleas | Jean-Mari Oberholzer | 083 657 9194 |

**GELEENTHEID VIR VOLWASSE BELYDENISAFLEGGING**

Indien jy deel wil word van 'n groep wat as volwassenes belydenis van geloof gaan aflê, kontak asb. met die kerkkantoor of ds MG.

**GEMEENTE SPITBRAAI-ETE**

Kraggakamma Gemeente hou op Sondag 20 September om 11:30 vir 12:00 'n Gemeente-ete. Kaartjies vir die ete is Sondae in die voorportaal beskikbaar en ook deur die week in die kerkkantoor.

Die ete sluit die volgende in: Lam, hoender, knoffel-aartappels, gegeurde rys, groente met witsous, potbrood en nagereg met koffie en tee. Bring asb. jou eie eetgerei, glase en drinkgoed.

Koste: Volwassenes, 12 jaar en ouer – R 150.00
Kinders, 5 tot 11 jaar – R 85.00
Kinders onder 4jaar - Gratis

**MTR SMIT BASAAR**

MTR Smit se basaar vind eerskomende Saterdag, 29 Augustus, van 09:00-13:30 in die Danie Mouton saal op hulle terrein plaas. Allerlei basaar lekkernye sal te koop wees. Kom ondersteun asb.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**JEUG**

Ons het die volgende twee behoeftes by die Jeugbediening:

- Jeugmentor vir die Graad 8 groep vir die res van die jaar (bymekaarkoms op Sondae na afloop van die Eietydse Diens)
- Hulp vir Ds Toit tydens Leef@Kerk wat op Sondagaande 18:00-19:00 plaasvind.

Indien jy wil hand-opsteek kontak gerus Ds Toit

**KATEGESE PROGRAM: KWARTAAL 3**

| Datum | Kraggakamma Gemeente Kategese 2026 |
|---|---|
| 26 Jul | Gesprek 09:30 |
| 2 Aug | Gesprek 09:30 |
| 16 Aug | Gesprek 09:30 |
| 23 Aug | Gesprek 09:30 |
| 30 Aug | Gesprek 09:30 |
| 6 Sep | Gesprek 10:00 (Na afloop van nagmaal erediens) |
| 13 Sep | Familie uitreik 10:00-12:00 |
| 20 Sep | Gesprek 09:30 |

**FAMILIE KAMP 2026 – INSKRYWINGS NOU OOP**

Hierdie jaar hou ons op 9-11 Oktober weer 'n familiekamp. Soos die vorige jare sal dit by Van Stadens Resort plaasvind. Oorweeg gerus om hierdie unieke geleentheid met jou gesin by te woon. Vir meer inligting of om in te skryf kontak gerus Yolandi van der Merwe (084 705 2714)

**OM GOD SE STEM TE HOOR**

Hoogland Gemeente nooi almal uit om tyd saam die Koning te spandeer. Die seminaar vind op 19 September van 09:00 tot 15:00 by Hoogland Gemeente plaas en die gassprekers is Stephan en Betsie Joubert.

Die koste is R 120.00 per persoon en sluit verversings en middagete in. Kontak Annalize (079 815 9325) of Hoogland Gemeente se kerkkantoor (041 367 1485) vir meer inligting of om 'n kaartjie te koop

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 23 Augustus | Kian van Biljon, Chantene van Biljon, Tania van Wyk en Stanley Vermeulen |
| 24 Augustus | Ann du Toit, Nico Oosthuizen en Jean-Roux van Huyssteen |
| 25 Augustus | Louwrens se Wet, Nico Gouws en Ces Grobbelaar |
| 26 Augustus | Craig de Beer, Ernst Schutte en Annamarie Thysse |
| 27 Augustus | Johanna le Grange en Marius Terblanche |
| 28 Augustus | Lika Beneke, Johan Coetzee, Lorraine Greyling, Charles Tait en Wihan van der Merwe |
| 29 Augustus | Nicolene de Beer, Ken Reed, Gilvie Stumke, Jurgens van Onselen en Deidre van Ryneveld |

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005

**Hierdie besonderhede is ook op 'n visitekaartjie in die voorportaal beskikbaar. Neem asb. vir jou 'n kaartjie.**

SnapScan

PXMP5808